# ONDERSKRYWING VAN BAPTISTE BEGINSELS

Die gemeente onderskryf verder die volgende beginsels wat eie aan die Baptiste kerk is:

a) Die **KERK**, as die totale gemeenskap van hulle wat deur Jesus Christus verlos, en deur die Heilge Gees wedergebore is. Die plaaslike gemeente is volwaardige kerk van Christus. Dit is 'n gemeenskap van gelowiges op 'n spesifieke plek, waar die Woord van God verkondig word, die ordonansie van die doop van gelowiges en die nagmaal onderhou word. Die gemeente is ten volle outonoom en behou hierdie selfstandigheid selfs wanneer die gemeente verantwoordelikhede aanvaar, deur vrywillige assosiasie met ander gemeentes.

b) Die **VEREISTES VIR KERKLIDMAATSKAP** is wedergeboorte en die doop van gelowiges. Onder wedergeboorte word die innerlike herskepping van die gevalle menslike natuur deur die genade en soewereine werking van die Heilige Gees verstaan. Die doop, deur enkelvoudige onderdompeling in water, is 'n getuienis van die individu se identifikasie met Christus in Sy dood, begrafnis en opstanding.

c) Die **DOOP VAN GELOWIGES** is 'n opdrag van die Here Jesus Christus, en 'n daad van gehoorsaamheid aan Hom. Dit is 'n teken van persoonlike bekering, geloof en wedergeboorte. Dit bestaan uit die enkelvoudige onderdompeling in water in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

d) Ons glo dat die **HEILIGE NAGMAAL,** as opdrag aan die kerk van Jesus Christus, 'n voortdurende herinnering aan Sy dood, totdat Hy weer kom, is. Waardeur die Heilige Gees die ware gelowige voed en versterk, en dien as waarborg van hulle gemeenskap met die opgestane Here, en met mekaar as lede van Sy liggaam. Die onveranderlike elemente van brood en wyn, verteenwoordig soos God bepaal, die vlees en bloed van die Here Jesus Christus, ons Verlosser, wat vir die vergifnis van die mens se sonde geoffer is.

e) Die beginsel van **GEMEENTELIKE KERKREGERING**, naamlik, dat 'n gekonstitueerde gemeente vergadering onder die Heerskappy van Jesus Christus, die hoogste gesag van die plaaslike gemeente is, en dat elke

individuele lidmaat, die onvervreembare reg en verantwoordelikheid het, om ten volle deel te neem in die bestaan en regering van die gemeente, insluitend die aanstelling van leiers. Sake sal in ooreenstemming met die lering van die Bybel geskied.

f) Die **PRIESTERSKAP VAN ALLE GELOWIGES**, waaronder ons verstaan dat elke christen direkte toegang tot God het, deur Christus ons Hoë Priester, en saam met Hom in Sy versoeningswerk deel. Dit behels voorbidding, getroue diens, en om ‘n getuie van Jesus te wees, selfs tot aan die uithoeke van die aarde.

g) Ons glo in **GODSDIENSVRYHEID**, sodat elke individu vry is van enige inmenging deur die staat, organisasie of groep met betrekking tot geloof. Hierdeur word die individu se reg om die Bybel in die lig van sy gewete te interpreter, gewaarborg.

h) Die beginsel van **SKEIDING TUSSEN KERK EN STAAT**, deurdat, in die voorsiening van God, die twee in hul onderskeie nature en funksies van mekaar verskil. Die Kerk mag nie met die staat geïndentifiseer word nie, en mag ook nie in haar geloof of praktyk, deur die staat gelei of beheer word nie. Die staat is verantwoordelik vir die handhawing van reg en geregtigheid, die skepping van ‘n ordelike samelewing en die bevordering van die welsyn van die landsburgers. Die Kerk is verantwoordelik vir die verkondiging van die Evangelie, en om God se wil en sorg, aan die mensdom te demonstreer en bekend te maak.

i) Die beginsel van **PERSOONLIKE VERANTWOORDELIKHEID** teenoor God. Dit is die beginsel waarop God Hom aan die mens geopenbaar het. Dit maak Godsdiens ‘n persoonlike aangeleentheid tussen die mens en God. Voortspruitend daaruit, onder die leiding van die Heilige Gees, vloei die reg tot private en individuele uitlegging van die Skrif, en die bevoegdheid van die individu om deur Christus tot God te nader.

j) Die beginsel van **VRYHEID VAN GELOOF**, naamlik dat geen individu onder dwang geplaas sal word deur die staat, of enige ander sekulêre, ekliastiese of godsdienstige groep, in verband met geloofsake nie. Die reg van elke persoon, se persoonlike gewetensoortuigings moet gerespekteer word. Vir elke gelowige beteken dit, die reg om die Skrifte op ‘n verantwoordelike wyse te interpreter, en om daarop te reageer, volgens sy eie gewete.